## Geleentheidsrede

# Musiek en musici: onmisbaar in diens van God

## Skrifoordenking uit 1 Kronieke 15[1]

Rassie Smit
Gereformeerde Kerk Randfontein-Noord

*Verder het Dawid die hoofde van die Leviete beveel om hulle ampsgenote, die sangers, te laat aantree met musiekinstrumente, harpe, liere en simbale, om die feesvreugde hard te laat weergalm* – 1 Kron. 15:16.

### 1. Inleiding

Die meeste studente wat aan 'n musiekdepartement studeer het, word later musiekonderwysers of raak op een of ander wyse betrokke by musiekonderrig. Om (veral in Suid-Afrika vandag) 'n musiekonderwyser te wees, is egter nie maklik nie. Dit verg lang ure van konsentrasie en is geweldige uitputtend. Dikwels gaan dit gepaard met groot frustrasie: werklike sukses is maar min en net 'n paar "gelukkiges" kan getuig van musikale hoogtepunte of diep musikale belewings wat hulle met hulle leerlinge beleef het. Die gevolg hiervan is dat die meeste musiekonderwysers vandag sukkel om hul motivering te behou. Ons leef in 'n sportmal wêreld en land. Al minder tyd en aandag word aan musiek bestee. Al meer mense begin wonder: is dit nog die moeite werd? Hoekom hou ek nog aan hiermee? Het ek nog 'n doel as musiekonderwyser? Indien wel, wat is my doel dan?

Sommige musiekstudente kry dit wel reg om later 'n professionele musiekloopbaan in ons land te volg. Maar ook hulle het sekerlik net soveel vrae. Werksgeleenthede in ons land vir hulle word al minder. Ons

1 Oordenking gehou tydens die viering van die vyftigste bestaansjaar van die PU vir CHO se Konservatorium. Sondag 16 April 2000.

leef in Afrika: die klem val al meer op Afrikamusiek. Eurosentriese musiek word stelselmatige na die kantlyn geskuif. Dis asof musiekmense vandag besig is om uit te sterf – ons het dan nie eens meer 'n nasionale orkes in Johannesburg nie! Wanneer konserte aangebied word, is die sale halfvol. Daar is soveel ander vermaak waaruit jy kan kies. Dit het vir 'n professionele musikus byna onmoontlik geword om in ons land 'n lewe daaruit te maak. Dit het een van die eensaamste beroepe geword. Ook geen wonder dat die meeste jong musici verkies om eerder oorsee te gaan nie.

So baie musiekmense wil begin moed opgee: waarvoor doen ek dit nog? Dit lyk dan of ek geen doel meer het nie. Skole (en selfs sekere universiteite) beplan om musiek stelselmatig uit te faseer – omdat dit eenvoudig "nie meer 'n ekonomiese proposisie is nie".

Hierop gee ons teksgedeelte 'n baie belangrike en verrassende perspektief.

## 2. Musici lewer 'n onmisbare bydrae in diens van God

Ons sien in 1 Kronieke 15 hoe 'n belangrike funksie musici het – *in diens van die Here*. Die kerk van die Here kan nie sonder musiek en musici klaarkom nie. Musiek is 'n uiters belangrike skakel tussen God en die mens. Deur middel van musiek word die mens op 'n geheimenisvolle wyse in kontak met God gebring. Sò word die mens uiteindelik in beweging gebring, geaktiveer, om ook ander mense hierdie kontak met God te laat beleef.

Ons leer in 1 Krononieke 15 van 'n fees wat gehou word. Dit is 'n grootse fees: die ark van die Here kom Jerusalem toe. Dawid is nou koning. Hy het Jerusalem sy hoofstad gemaak en nou wil hy ook die sentrum van die volk se godsdiens in Jerusalem vestig. Daarom laat hy die verbondsark (as simbool van die Here se teenwoordigheid) na Jerusalem bring. Hy het dit vantevore alreeds probeer, maar moes sy pogings laat vaar, omdat hy die voorskrifte van die Here vir die vervoer van die ark nie nougeset nagekom het nie. (Lees gerus 1 Kron. 13 hieroor.) Nou probeer hy weer. En hierdie keer wil hy dit reg doen.

Vir hierdie grootse geleentheid laat Dawid die hele volk bymekaar kom. Sy sake is mooi agtermekaar. Hy het die besonderhede van die fees fyn uitgewerk. Eers laat hy die Leviete na vore tree uit die volk. Hulle moet optree as die draers van die verbondsark. Hy beveel hulle om hulleself te reinig volgens die voorskrifte wat die Here destyds al aan Moses gegee het en laat hulle die ark dra met draaghoute oor hulle skouers. Hierdie

keer maak hulle nie weer die fout om die ark op 'n wa te probeer vervoer nie.

Die volgende wat Dawid doen, is *om die musici bymekaar te kry.* Geen fees kan immers gehou word sonder musiek nie. Stel jou vir 'n oomblik voor: daar is 'n groot fees met baie gaste. Tydens hierdie fees word 'n paar woorde gesê, maar verder is daar niks. Dit kan tog nie. Daar kort iets!

Daarom lees ons in ons teksvers (v.16):

> Verder het Dawid die hoofde van die Leviete beveel om hulle ampsgenote, die sangers, te laat aantree met musiekinstrumente, harpe, liere en simbale, om die feesvreugde hard te laat weergalm.

En dan volg daar in ons teksgedeelte (v. 17-24) iets wat lyk soos die programnotas van 'n konsert: die name van die deelnemers word in besonderhede gegee, kompleet met die instrumente wat hulle bespeel of met die aanduiding dat hulle sangers is. En só verskaf die musici dan 'n onmisbare bydrae vir hierdie grootse fees: *musiek.*

Hoekom is musiek dan so onmisbaar?

Musiek is 'n geheimenisvolle, onpeilbare krag wat die Here aan die mens gee. Dit is iets wat die diepste wese van die mens aanraak en roer en beïnvloed. Die mens is immers 'n geestelike wese. Hy het 'n binneste – 'n diep gevoel, emosie. En daar is byna niks op aarde wat so tot die mens se gees spreek as juis musiek nie. Ons weet dit almal: met musiek kan jy jou heeltemal afsluit van die wêreld. Jy kan jou so daarin inleef dat jy vergeet van alles om jou. Dit is asof jy meegevoer word na 'n ander wêreld. Só kragtig is die effek van musiek op die mens, dat dit vandag suksesvol gebruik word deur musiekterapeute om geestelike afwykings – en selfs fisiologiese probleme – by die mens te behandel.

Wanneer hierdie geweldige krag reg aangewend word en die regte inhoud het, bring dit die mens op 'n besondere manier in kontak met God. In die Nuwe Testament word musiek ook nie verniet beskou as die manifestering van die Heilige Gees in die mens nie. Veral die apostel Paulus verwys op verskeie plekke daarna: deur musiek voer die Gees van God die mens mee en laat hom iets "bo-aards" beleef. Dan is dit asof jy *opgelig word* – bo die donker en stukkende wêreld uit. Dit is asof jy meegesleur word en gebring word tot 'n plek waar jy nog nooit voorheen was nie – en waar jy ook nie graag wil weggaan nie.

Dis om hierdie rede dat mense soms sal sê: "Dit is hemelse musiek". Of hulle sal sê om te luister na 'n bepaalde konsert of opname is 'n "hemelse ervaring". Want dit is presies wat God deur musiek met die

mens doen. Hy gee die mens iets van 'n ervaring van sy heerlikheid. Die Engelse digter Addison stel dit so treffend:

> Music, the greatest good that mortals know
> And all of heaven we have below ...

Só is dit ook in ons teksgedeelte. Wanneer die liere (met die lae tone), die harpe (met die hoër tone), die simbale, trompette en ramshorings begin speel en die sangers begin sing, kry die hele volk daardeur 'n "hemelse ervaring". Ons weet vandag nie hoe elkeen van hierdie instrumente geklink het nie – 'n mens kan jou maar net indink. Maar hoe dit ook al sy, binne die kultuuridioom van ou Israel het hierdie musiek die hele volk *opgelig* en meegevoer. Op aangrypende wyse het dit gestalte gegee aan die grootste feesgeleentheid waar God geloof en geprys is. Met meesleurende ritme en melodie het die volk 'n totaal ander dimensie binnegegaan – onbewus van tyd of werklikheid. Ons lees dit veral hier van Dawid. As kunsmens, digter, musiekmens word hy só meegevoer dat hy volgens v .29 "spring en dans" terwyl die ark Jerusalem binnekom. In die parallelle gedeelte uit 2 Samuel 6 lees ons in vers 14 dat Dawid "met volle oorgawe voor die Here gedans het". (Die 1933-1953 Afrikaanse vertaling gee dit só weer: "Met alle mag het Dawid voor die Here gedans ...")

Sonder musiek?
Ek dink nie dit is moontlik nie.
Sonder musici?
Sonder sangers en begeleiers?
Dit kan eenvoudig nie!

Sonder musiek kom daar iets kort. Dit is soos gaskoeldrank sonder gas – sonder die tinteling van die borreltjies op jou tong. Dit is soos mieliepap sonder sout – dit smaak na niks. Daar kort iets drasties!

Die kerk van die Here kan nie sonder musiek en die musici nie. Musiek is onontbeerlik vir 'n geloofsbelewing wat rykdom en diepte het. Daarom is dit ook onontbeerlik vir die opbou van die kerk. Luther, een van die groot Hervormers, het dit ook besef. Daarom het hy die gelowiges in sy tyd aangemoedig: "Leer musiek aan en sorg dat julle dit kan bemeester – ter wille van julle geloof en die eer van God".

Dit is die onmisbare bydrae, die onmisbare effek van musiek.

Dit is die taak wat elkeen van ons as musici het om te volvoer – tot die dag wat die Here weer kom.

Nou moet ons mooi besef: om hierdie funksie te verrig in die koninkryk van God is dit nie nodig 'n orrelis in 'n gemeente te wees nie. Ja, orreliste

speel dikwels 'n bepalende rol in die erediens. En om orrelis te wees is geen onbelangrike taak nie. Dit is nie sommer net 'n werk nie, dit is 'n roeping. Daarom moet elke orrelis sy/haar werk ernstig opneem en biddend benader met die volle besef dat dit gedoen word in diens van God self.

Maar die funksie van musici in diens van God gaan veel wyer as dit. Sonder musiek kom daar iets kort in die kerk van die Here. Sonder musiekonderwysers is daar geen musici nie. Sonder musiekonderwysers is daar geen kultuur meer van musiek en musiekwaardering nie. Sonder musiekonderwysers is daar nie meer musiek wat van kleins af aan kinders geleer word en oorgedra word van geslag tot geslag nie.

'n Musiekonderwyser doen oneindig meer as om net goeie, Christelike waardes vir kinders aan te leer. Ja, kinders wat musiek neem, word van kleins af dissipline geleer, geleer om aan te hou en klaar te maak (nie in die middel op te hou nie), om fyn te lees wat geskryf is (jy moet tog al die musieknote en -tekens kan raaklees en nougeset weergee) en ook om fyn ingestel te wees teenoor ander (daarsonder is goeie ensemblespel net nie moontlik nie). Maar uiteindelik is die belangrike funksie van die musiekonderwyser juis ook om die volk van kleins af ontvanklik te maak vir goeie opbouende musiek. Dit geld ook vir elke professionele musikus: met konserte en opnames word die volk deurentyd gereed gemaak om God op 'n dieper geestelike vlak te ontmoet. Dit is uiteindelik waarvoor die Here elke musikus wil gebruik in sy koninkryk.

Sonder hierdie insette van elke musiekonderwyser, elke musikus, is die kerk arm: arm aan diepte in eredienste en arm aan geloofsbelewing. En wanneer dit gebeur, word die kerk verlam en kan sy ook nie haar uiteindelike roeping, naamlik om na buite in die wêreld te profeteer, nakom nie. Ons lees in ons teksvers dat die Leviete "die feesvreugde hard laat weergalm het". Almal moes hoor hoedat hulle die eer en lof van God uitbasuin. Ook buitestanders moes dit hoor. Die hele wêreld moet hoor dat ons die volk van God is. Hulle moet dit veral hoor wanneer ons Hom loof en eer in ons sang en musiek.

Musiek is bedoel om gehoor te word. Musiek (by watter geleentheid ook al) wat werklik Geesvervuld is en gemaak word met hart en siel, word nie net deur God gehoor nie. Dit is nie net Hy wat Homself daarin kan verlustig nie. Dit is ook soos 'n magneet wat mense aantrek. Daar is bitter min mense op aarde wat nie deur musiek aangeraak word nie. Geesvervulde musiek gryp die diepste binneste van mense aan en sleur hulle mee in 'n magtige golf.

En as die waarheid van die evangelie, die blye boodskap van verlossing in Christus, van vryspraak, van kwytskelding van sondeskuld, van 'n vaste, lewende hoop, van 'n opgewonde verwagting en uitsien na 'n lewe sonder sleur, sonder seerkry, sonder frustrasie, sonder vals note, sonder disharmonie, met hemelse musiek tot eer van God wat nooit sal ophou nie – as dit in musiek verpak word, dan verander dit die binneste van mense. Dan maak dit koue en harde harte warm, sag en vol liefde. Dan maak dit harte leeg van die eie, sondige "ek", en maak dit lewens nuut en vol met die heerlikheid van God.

Só gebruik die Here musici in sy diens. Só gebruik hy musiek in die oorwinningsmars van die kerk. Só wil Hy hê dat die feesvreugde hard moet weergalm – tot in die uithoeke van die wêreld!

## 3. Slot

Dink jy nog jy moet maar liewers ophou? Dink jy nog dit is nie die moeite werd nie? Dink jy nog dat jy geen doel meer dien nie?

Dink weer!

Sonder musiek is die kerk van die Here arm en oneffektief. Die Here het jou die gawe van musiek gegee. Jy het voor Hom die verantwoordelikheid om hierdie geheimenisvolle krag te beheers en te gebruik tot sy eer. Jy is instrumenteel daarin om diepte van geloofsbelewing vir jou medegelowiges te bewerk. Jy is instrumenteel in die opbou van die kerk. Jy het die opdrag om die feesvreugde hard te laat weergalm.

Daarom: moenie jou werk as musikus of musiekonderwyser geringskat nie. Doen jou werk met oorgawe en met groot blymoedigheid. Wees altyd nederig en dankbaar vir hierdie gawe en opdrag wat die Here vir jou gee. En weet: die Here gebruik jou om die uitnemende krag van musiek funksioneel en bruikbaar aan te wend, tot diens in sy koninkryk.